Huis Dagbreek – KOSHUISRËELS en INFORMASIE

(i) Hoërskool Standerton het ‘n lang en ryke tradisie waarop ons baie trots is. In ons koshuis poog ons om voort te bou op hierdie tradisie, daarom moet ons sekere koshuisrëels nakom.
(ii) Elke ouerhuis het reëls vir eet, slaap, kom en gaan, ens. Met ‘n groot aantal leerlinge vir wie se veiligheid, liggaamlike en geestelike welsyn ons verantwoordelikheid is, is vaste reëls onontbeerlik en daarom verwag ons dat die volgende reëls nougeset deur ouers/voogde en seuns/dogters eerbiedig sal word.
(iii) Al die leerlinge moet hulle onderwerp aan die reëls van die koshuis, en gehoorsaam wees aan die diensdoenende personeel, koshuis personeel, huishoudelike personeel en die raadslede.
(iv) Slegs ’n bed, matras, tafel, stoel en gordyne word in kamers voorsien deur Dagbreek koshuis. Leerlinge moet eie beddegoed, snippermandjie, besem, skoppie, leeslamp ens. saambring. Eie meubels en gordyne mag ook gebring word maar sal op eie risiko wees.

1.WEEKLIKSE PROGRAM

Opstaan klok/Stilte klok	05:45 – 6:00	Gereed maak vir die dag	06:00
Inspeksie klok	06:30	Ontbyt	06:40
Waarskuwingsklok	07:10	Deure sluit	07:15
Middagete	14:00	Aandete	17:30
Waarskuwingsklok	18:20	Eerste studie	18:30 – 19:30
Waarskuwingsklok	19:50	Tweede studie	20:00 – 21:00
Waarskuwingsklok	21:45	Stiltetyd	21:50
Slaap	22:00	Laat studie	22:00 – 23:00

2.STILTETYD

Daar moet deur die hele koshuis ‘n rustige en gewyde atmosfeer eerbiedig word. Alle leerlinge bly rustig sit, om sodoende aan almal die geleentheid te bied om stiltetyd te hou.
2.1 Kamerdeure moet oop wees en leerlinge moet op hul stoele by hul lessenaars sit.
2.2 Geen geselsery of enige ander hinderlike aktiwiteite soos bv. hare kam, aantrek, huiswerk doen, selfone gebruik of eet nie.
2.3 Stiltetyd in gang verband mag gehou word op die volgende voorwaardes: dit is nie ‘n besprekings aangeleentheid nie. Dus, ‘n dagstukkie, kort boodskap en gebed. Die koshuis-raadslid neem beheer. Leerlinge wat gang stilte aanbied, roteer sodat elke leerling ‘n beurt kry.

3.INSPEKSIE

3.1 Daar word elke oggend deur die koshuisraad en die diensdoenende personeellid kamer, badkamer- en ganginspeksie gedoen.
3.2 DDP moet gedurende studie ook inspeksie doen.
3.3 DDP sal soggens kamers wat onnet is rapporteer en artikels wat rondlê, sal gekonfiskeer word. Artikels mag slegs gekonfiskeer word na ‘n **eerste waarskuwing** aan leerling gerig is.

4.NETHEID VAN KAMERS

4.1 Dit is noodsaaklik dat elke leerling sy/haar kamer, rak en kas netjies moet hou.
4.2 Vensterbanke en rakkies moet gereeld afgestof en skoongemaak word. Slegs boeke, skryfbehoeftes, vrugte houers, ketels en “Hi-Fi’s”/radios word in die rakkies geplaas. Geen ornamente, kerse, uitstallings, toiletware, kamme en borsels ens. nie. Vrugte in mandjies of netjiese houers.
4.3 Daar moet **elke dag uitgevee** word. Snippermandjies moet elke oggend uitgegooi word.
4.4 Niks mag op die vensterbanke staan of op die vloer rondlê nie. **Tasse moet bo in die kas gebêre word.**
4.5 Handdoeke moet netjies hang aan die hakke of oor die bedstyl. Slegs handdoeke mag aan die hakke agter die deure hang. Geen klere of wasgoedsakke nie.

4.6 Elke leerling mag goedgekeurde prente teen sy/haar muur hang - geen kleeflint of "double-sided tape" mag gebruik word nie. Slegs Prestic. Niks anders mag teen die mure, kaste of deure geplak word nie. Slegs naamborde mag op deure wees.
4.7 Sodra ligte saans aangeskakel word, moet die gordyne toegetrek word.
4.8 Gordyne word nie deur die diefwering gebondel nie, maar kan netjies weg gebind word. Gordyne se lengte moet strek tot net bokant die verwarmer, SODAT VERWARMER TE ALLE TYE OOP IS.
4.9 Beddens mag nie teen mekaar geskuif word of in die kamers rondgeskuif word nie. Geen meubels word sonder toestemming geskuif, of in die kamers geplaas nie. Slegs koshuisraad kamers mag ingerig word vir leerlinge se gerief met die toestemming van die SDDP/KOSHUIS BESTUURDER.

5.STUDIE

5.1 LEERLINGE WAT IN DIE STUDIESALE STUDEER

5.1.1 Studietye moet stiptelik nagekom word.
5.1.2 Niemand mag rondloop of vrae aan 'n maat vra nie.
5.1.3 Alle boeke moet saans in die rakkies gepak word. Niks mag op die vloer rondlê of op die studeertafel agterbly nie.
5.1.4 Studiesaal moet netjies gelaat word.
5.1.5 Vensters in die studiesaal moet na studie toegemaak word en waaiers, verwarmers, ligte en die *urn* moet afgeskakel word.
5.1.6 Leerlinge mag nie net met slaapklere studiesaal toe kom nie.
5.1.7 Geen koffie, tee of koeldrank mag tydens studie gedrink word nie. Niks mag geëet word nie.
5.1.8 Geen selfone word in die studiesaal toegelaat nie. Selfone sal volgens voorskrif gekonfiskeer word. Leerling se selfoon word gekonfiskeer en ingedien by skool waar leerling dit kan terugkoop teen R50.

Dit is belangrik om te onthou dat jy nie die enigste persoon in die studiesaal/koshuis is nie. As jy nie die reëls gehoorsaam nie, is daar baie ander persone wat deur jou gesteur word.

5.2 LEERLINGE WAT IN KAMERS STUDEER

5.2.1 Dit is 'n voorreg om in jou kamer te studeer, nie jou reg nie.
5.2.2 Studietye moet stiptelik nagekom word.
5.2.3 Tydens studietye moet elke leerling by sy/haar tafel sit. Niemand mag op die bed lê, of op sy/haar arms lê of slaap nie.
5.2.4 Geen geselsery of rondlopery nie.
5.2.5 Die deure moet oopgemaak word en gedurende studie heeltemal oop wees.
5.2.6 Geen musiek mag speel tydens studie nie. Leerlinge mag wel met oorfone na musiek luister tydens studie, indien dit sag gestel is.
5.2.7 Geen tasse mag uitgepak word tydens studie nie.
5.2.8 Indien enige van die reëls oortree word, sal die leerling volgens die strafstelsel hanteer word.
5.2.9 Geen selfoonoproepe of boodskappe mag tydens studie ontvang of gemaak word nie. Selfone moet afgeskakel en buite sig wees, anders sal dit volgens voorskrif gekonfiskeer word.

LAATSTUDIE

5.2.10 Daar moet absolute stilte in die kamers en die gange wees.
5.2.11 **Enige gr.12-leerling** wat gedurende laat studie rondloop of praat, word sonder waarskuwing kamer toe gestuur om te gaan slaap en dan volgens strafstelsel verder hanteer.
5.2.12 Laat studie vind slegs plaas tot **23:00** en is slegs vir die gebruik nadat daar toestemming by DDP verkry is.

6. **EETSAAL**

6.1 As die ontbytklok lui moet die leerlinge dadelik aantree.

6.2 Leerlinge tree aan reeds aangetrek vir skool. Geen musse, hoede, ens. word toegelaat nie.

6.3 Indien ‘n leerling nie ‘n ete kan bywoon nie, moet hy/sy toestemming daarvoor kry van die DDP/KOSHUISVADER/KOSHUISMOEDER aan diens.

6.4 Wanneer etes bespreek is, moet dit bygewoon word. Indien ‘n leerling in die koshuis slaap, moet hy/sy ontbyt bywoon, selfs gedurende eksamen tye. **Die oortreding van enige van hierdie reëls sal lei tot daadwerklike straf.**

6.5 Tydens ete mag ‘n leerling die **eetsaal eers na 15 min verlaat, nadat verskoning gemaak is by die DDP.**

6.6 Indien daar kos uitgeskep moet word, moet die leerling self betyds sy/haar naam op die voorgeskrewe bord in kombuis invul.

6.7 Probleme t.o.v kos word onmiddellik deur die tafel hoof aan die DDP gerapporteer.

6.8 Leerlinge kom netjies geklee, met skoene aan, na die eetsaal. Geen pantoffels, nagklere of swemklere nie.

6.9 Geen eetgerei mag uit die eetsaal verwyder word nie.

6.10 Geen selfone mag na die eetsaal gebring word nie.

6.11 Geen gaste/dagskoliere word sonder toestemming vir etes of na die kamers genooi nie.

7. **KLEREDRAG**

7.1 Daar word te alle tye verwag dat leerlinge netjies en skoon sal aantrek.

7.2 Skooldrag mag slegs, indien nodig, in die middag gedra word vir SHS aangeleenthede.

7.3 Indien ‘n leerling skoolklere in die middag dra, moet hy/sy volle skooldrag en die korrekte skoene dra.

8. BEDDEGOED

8.1 Leerlinge gebruik hul eie bedlinne, gordyne en matte.

8.2 Beddens mag nie net ‘n kombers oor hê nie – daar moet ‘n enkel duvet of oortreksel oor wees. Ekstra komberse moet netjies opgevou op die voetenent wees.

8.3 Leerlinge wat die voorreg om eie linne te hê misbruik deur bv. nie skoon beddegoed te gebruik nie, duvets bo-oor onopgemaakte beddens trek, ens, sal die voorreg verbeur. Hulle sal dan van koshuis linne gebruik maak.

9. BADKAMERS

9.1 Baddens, wasbakke, storte en toilette moet altyd skoon agtergelaat word. Vuil wasgoed of skoon klere wat in die badkamers agtergelaat word, sal gekonfiskeer word. Badkamers en toilette moet sindelik gelaat word.

9.2 Baddens moenie propvol water getap word nie en nie alleen gelaat word terwyl water intap nie.

9.3 Geen tandeborsel, waslap,ens. mag in die badkamer of op die vensterbanke gelaat word nie.

9.4 Leerlinge mag nie bad of stort na ligte uit sonder spesiale toestemming van die DDP/KOSHUIS BESTUURDER nie.

10. SIEKTE

10.1 Leerlinge wat siek word by die skool gaan direk na die KOSHUISVADER/-MOEDER, wat dan spesiale toestemming sal gee dat leerling koshuis toe kan gaan.

10.2 Leerlinge gaan dan kantoor toe, waar die sekretaresse die matrone sal inlig oor die leerling.

10.3 Leerlinge kan dan koshuis toe gaan en in sy/haar kamer gaan lê.

10.4 Indien die leerling nie beterskap toon nie, moet die ouers so gou as moontlik ingelig word sodat die leerling kan dokter toe gaan.

11.SPREEKURE

11.1 Soos gereël met koshuisvader/-moeder.

12.ELEKTRIESE APPARAAT

12.1 **Slegs ketels, "hi-fi's", haardroërs en selfoon *chargers*. GEEN PRIVAAT VERWARMERS WORD IN KAMERS TOEGELAAT NIE**.

12.2 **LEDE VAN DIE KOSHUISRAAD KAN OOK 'N YSKAS AANHOU**.

12.3 Elke leerling mag sy/haar eie "laptop"/rekenaar en printer koshuis toe bring.

13. **DORPS DAE**

13.1 Leerlinge kan dorp toe gaan in gewone klere /"civvies" mits dit netjies is.

13.2 Wanneer leerlinge dorp toe gaan is dit op EIE RISIKO.

13.3 Dorps tye is slegs WOENSDAE 14:15 tot 17:15.

13.4 **Geen leerlinge mag na hierdie tye in die dorp wees nie**.

16. **BESOEKERS**

16.1 Besoekers mag **slegs in die koshuis vierkant** saam met leerlinge kuier.
Niemand sit in karre buitekant die koshuis en kuier nie.

17. **DISSIPLINE-STRUKTUUR** – STRAFSTELSEL (Riglyne t.o.v. oortredings)

17.1 Ernstige oortredings soos drankmisbruik, rook, uit*glip*, uitdaging en verontagsaming van gesag, die opsetlike beskadiging van koshuis meubels of die koshuis self en oor en weer kuiery tussen seuns en meisies in hul kamers sal lei tot 'n verhoor en uitsluiting.

17.2 ALLE OORTREDINGS SAL STRENG VOLGENS DIE STRAFSTELSEL HANTEER WORD.

18.**BREEKSKADE EN SLEUTELS**:

18.1 **Weggooi/Verloor van sleutel**: Leerlinge se rekening sal met R50 gehef word alvorens hul 'n nuwe sleutel sal ontvang.

18.2 **Breekskade:** Enige breekskade deur 'n leerling sal eers deur die leerling betaal word (Koshuis deposito), alvorens dit reggemaak sal word.

18.3 **Deposito**: Word gebruik vir algemene breuke in die koshuis.

19.**KOSHUISRËELS VIR UITTEKEN EN INTEKEN**

19.1 **Indien leerling huis toe gaan en nie die aand oorslaap nie, moet hy/sy per sms deur sy/haar ouers uitgeteken word en gehaal word deur die persoon soos in die sms gespesifiseer.**

19.2 **VANAF 17:30 TOT 21:00**

- Kan slegs uitgeteken word deur ouers en voogde per sms.
- SMS sluit in wie die leerling sal kom oplaai en hoe laat.
- Geen, maar GEEN, leerling sal in hierdie tyd toegelaat word om uit die koshuis te gaan sonder die toestemming van die leerling se ouers of voogde nie.
- Slegs leerlinge wat reëlings getref het vir permanente (gereelde) aktiwiteite wat bygewoon word, sal in hierdie tyd toegelaat word om die koshuis te verlaat.

19.3 **INKOMTYE SOOS GESPESIFISEER IN KOSHUISRËELS**

- Koshuis hekke sal slegs oopgesluit word met vooraf reëling met DDP.
- Neem asseblief in ag dat almal wat hier diens doen, onderwysers is, en geen werk gedoen kry as ons elke vyf minute vir 'n ander leerling moet gaan oopsluit nie. Dankie vir u samewerking in hierdie verband.

19.4 **INTEKEN MAANDAE:**

- DIE KOSHUIS IS OOP VANAF 06:00
- DIE KOSHUIS SLUIT OM 07:30

19.5 **UITTEKEN VRYDAE**:

- DIE KOSHUISE SLUIT OM 14:30
- SPESIALE VERGUNNINGS SAL GEMAAK WORD VIR LEERLINGE WAT VÊR BLY EN WIE SE OUERS HUL BAIE LAAT KAN KOM HAAL (SLEGS MET VERGUNNING VAN KOSHUIS BESTUURDER).

19.6 **DIENSTYE EN KONTAKNOMMER**

- Seuns kontak asseblief die betrokke manspersoneellid wat die betrokke aand aandiens is.
- Meisies kontak asseblief die betrokke damespersoneellid wat die betrokke aand aandiens is.
- Hieronder verskyn die diensrooster asook elke diensdoenende personeellid se selfoonnommer.
- As u enige navrae het, kontak asb die koshuisbestuurder, Mnr. Alex van Rooyen 083 4096118

Manspersoneel:	Damespersoneel:
- Riaan Rijsberger 0834609486	-Tannie Marieta 083 469 8511
- Maurits van Heerden 083 6275241	- Marike Herman 082 876 4631
- Christo le Roux 0825563298	- Jacoline van der Hoven 0732797988

20. ALGEMEEN

20.1**Funksies**: Leerlinge het **10 minute**om na elke funksie terug te kom in die koshuis.

20.2 **Sokkies**: Indien ‘n leerling sokkie toe gaan, mag hy/sy geensins tussen begin- en eind tye terugkom koshuis toe nie. Leerling keer slegs terug na koshuis na die sokkie verby is.

20.3 **Uiteet/Uitgaan saam met ouers**: Moet **21:30** terug wees in koshuis.

20.4 **Graad twaalf leerling/inwoner met voertuig**:

20.4.1 Mag glad nie enige ander inwoner van die koshuis met hul voertuig vervoer nie.

20.4.2 Mag slegs hul voertuig gebruik vir buitemuurse aktiwiteite en dokter afsprake.

20.4.3 Mag sy/haar voertuig agter in die palissade-omheinde gebied parkeer, slegs met die toestemming van die koshuis bestuurder.

20.5 Slegs leerlinge met vervoerprobleme of leerlinge wat baie vêr bly sal met spesiale vergunning deur die KOSHUIS BESTUURDER toegelaat word om Sondagaande in te boek in die koshuis.

20.6 Geen koshuis sal oor ‘n naweek vir leerlinge oopgesluit word nie.

20.7 BENODIGDHEDE VIR KAMER:

> Eie besem en skoppie (VERPLIGTEND)

> Eie gordyne indien so verkies.

STRAFSTELSEL VIR HUIS DAGBREEK

OORTREDING	STAP 1: WAARSKUWING (MONDELING/SKRIFTELIK)	STAP 2: FINALE STRAF Punte vermindering
1. **Ignorering van opstaan tye**: 1.1 Koshuisraad kontroleer inwoners dat hul opstaan 1.2 Inwoner staan nie op nie	 1.1 Mondelinge waarskuwing 1.2 Mondelinge waarskuwing	 1.1 -10 1.2 -10
2. **Stiltetye**: Lawaai en loop rond	2. Mondelinge waarskuwing	2. - 15
3. **Inspeksie**: kamer en kas nie netjies nie	3. Mondelinge waarskuwing	3. - 15
4. **Studietyd**: 4.1 Lawaai en loop rond 4.2 Slaap tydens studietyd	 4.1 Mondelinge waarskuwing 4.2 Mondelinge waarskuwing	 4.1 -15 4.2 -15
5.**Oortreding van laat studietye** (Slegs Gr 12 tot 23:00)	5. Mondelinge waarskuwing	5. -10

6. **Eetsaal**: 6.1 Verkeerde kleredrag 6.2 Rondgooi van kos 6.3 Selfone 6.4 Eetgerei uit eetsaal verwyder 6.5 Nie-koshuis inwoners by ete 6.6 Ontbyt nie bywoon sonder toestemming	6.1 Stuur terug 6.2 Mondelinge waarskuwing en leerling maak skoon 6.3 Mondelinge waarskuwing 6.4 Mondelinge waarskuwing 6.5 Mondelinge waarskuwing 6.6 Mondelinge waarskuwing	6.1 -10 6.2 - 20 6.3 Vat selfoon: Boete R50 (Gee in by skool 6.4 -5 6.5 -10 6.6 -5
7. **Badkamers**: 7.1 Badkamers vuil 7.2 Klere/tandeborsel/handdoeke, ens agtergelaat 7.3 Stort/bad na ligte uit	7.1 Hele gang maak skoon 7.2 Mondelinge waarskuwing 7.3 Mondelinge waarskuwing	7.1 - 10 7.2 - 10 7.3 - 10
8. **Besoekers**: 8.1 Binne-in koshuis 8.2 Inwoner kuier buitekant in karre 8.3 Seuns in meisies koshuis en andersom	8.1 Besoeker gevra om te gaan/ Inwoner kry mondelinge waarskuwing 8.2 Mondelinge waarskuwing 8.3 -10	8.1 - 10 8.2 - 10 8.3 - 40
9. **Ignoreer inkomtye** (Winter en Somer)	9. -10	9. - 20
10. **Ignoreer uitteken prosedures**	10. - 10	10. - 20
11. **Bywoning van aktiwiteite sonder toestemming**	1 1. -10	11. - 20
12. **Beskadiging van koshuis meubels en eiendom**	12. - 20	12. - 40
13. **Rook**: (Sigarette/Hubbly) 13.1 Getuies/Reuk van rook in kamer 13.2 Gevang tydens aksie (met sigaret in hand)	13.1 - 20 13.2 1 - 20	13.1 - 40 13.2 - 40
14. **Drank:** 14.1 Getuies/Drank bottels 14.2 Gevang drink (alkohol van enige aard)	14.1 1 - 30 & 1 week uitsluiting 14.2 - 30 & 1 week uitsluiting	14.1 - 60 & 2 weke uitsluiting 14.2 -60 & Permanente uitsluiting
15. **Gesag uitdaging**: 15.1 Tienergrille: klap deure toe, gooi Persoonlike besittings rond en praat terug 15.2 Blatante uitdaging: vloek van diensdoenende personeel en koshuisraad, ignoreer opdragte	15.1 Mondelinge waarskuwing 15.2 -20 & 1 Week uitsluiting	15.1 - 10 15.2 - 40 & 2 week uitsluiting
16. **Uit*glip*:** 16.1 Om kos te koop 16.2 Om te gaan drink en kuier	16.1 - 20 16.2 - 40 & 1 maand uitsluiting	16.1 - 20 & 1 week uitsluiting 16.2 - 60 & Permanente uitsluiting.
17. Matrieks met karre: 17.1 Ry onverantwoordelik/Jaag 17.2 Vervoer enige ander persoon	17.1 - 20 & Finale Waarskuwing 17.2 - 20 & Finale Waarskuwing Koshuisleerlinge wat saamry sonder toestemming vanaf ouers/voog -10	17.1 - 40 & GEEN Voertuig by koshuis 17.2 - 40 & GEEN Voertuig by Koshuis

18. **Dwelms** 18.1 Gebruik / Toets Positief vir gebruik 18.2 In besit van dagga in koshuis kamer, aan persoon of enige ander wegsteek plek in koshuis	18.1 - 60 & 1 week uitsetting Finale Skriftelike Waarskuwing 18.2 - 60 & Permanente uitsetting	18.1 - 60 & Permanente Uitsetting